Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Waarom moet ek glo dat God bestaan?

Indien moontlik, kyk asseblief die volgende videos voordat jy begin:

> Kan ons God se bestaan bewys sonder om die Bybel as bewysstuk te gebruik?
>
> https://www.youtube.com/watch?v=OpukN0jRMhM
>
> Wat is die sterkste argument vir God se bestaan?
>
> https://www.youtube.com/watch?v=q-zWCd6Dndw

Kom ons erken dit: "Jy moet net glo" is nie 'n goeie rede nie. Nie vir mense wat daarvan hou om te dink en wat opreg na antwoorde soek nie. As Christene moet ons nie logika en rede laat vaar nie – want geloof is beide logies en redelik. Meeste mense wat in God glo, kan nie konkrete redes gee waarom hulle glo nie. Baie sal passievol verklaar dat "hulle weet, dat hulle weet, dat hulle weet" dat God bestaan. Hulle sou redeneer dat hulle 'n "persoonlike verhouding" met hom het. Maar, behalwe vir gevoelens en 'n paar persoonlike ervarings, het hulle geen bewyse wat *ander* sal help om te glo nie.

Die God van die Bybel openbaar Homself aan enigiemand wat hom werklik soek. Jesus het gesê dat as ons soek, ons sal vind (Matteus 7:7-8). God het Homself aan ons in die natuur, wetenskap, filosofie, geskiedenis en deur die Bybel geopenbaar. Jy mag dalk vrae hê, maar daar is antwoorde – as jy bereid is om te soek. “Soek” behels beide begeerte en om daad by die woord te sit. In die Bybel sê God: “Jy sal My soek en vind; as jy My met jou hele hart soek, sal Ek deur jou gevind word” (Jeremia 29:13-14). As ons werklik begeer om God te ken en ons is bereid om die moeite te doen om die waarheid te soek, sal ons Hom vind.

Baie boeke is alreeds geskryf wat die vraag oor of God bestaan ondersoek. Baie van hierdie boeke verskaf en verduidelik belangrike bewyse en bied nuttige gevolgtrekkings.

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Ons raak-raak net aan die onderwerp in hierdie studie! Vir enigiemand wat meer wil weet, kan ons www.bethinking.org vir verdere studie aanbeveel.

Voordat ons die bewyse ondersoek, laat ek jou 'n baie belangrike vraag vra: **As daar genoeg bewyse vir die bestaan van God was, sou jy dit aanvaar?** Baie ontken en stry oor die bestaan van God vanuit 'n emosionele oogpunt. Bewyse en feite is nie emosioneel nie. Wanneer ons die waarheid soek, kan ons nie toelaat dat emosies ons oordeel vertroebel nie. Sommige mense verwerp die idee van God, maak nie saak *watter* bewyse hulle sien nie. Hulle het in hul hart besluit dat hulle nie in God sal glo nie, maak nie saak wat nie. Dit is dwaasheid.

Vra jouself af: As daar bewyse aan die lig kom wys dat God bestaan, sal ek dit aanvaar? Indien nie – hoekom nie?

As God wel bestaan, wat beteken dit vir my?

Jy mag dalk dink dat dit nie 'n belangrike of relevante onderwerp is nie, maar die vraag omtrent God se bestaan is baie belangrik, want die implikasies is vir ewig. Dit is 'n onderwerp wat ons almal moet oorweeg, bestudeer en tot 'n gevolgtrekking oor moet kom.

As God nie bestaan nie, dan is die mensdom bloot die resultaat van 'n toevallige reeks mutasies. As dit werklik die geval is, is geen persoon onder enige verpligting om volgens enige objektiewe morele riglyne te lewe nie. Morele waardes, en konsepte soos “reg” en “verkeerd”, sou dus relatief of vloeibaar wees - individue, of sosiale groepe, sou sullke dinge definieer soos hulle dit goed dink. As daar geen Skepper is nie, moet die idee dat daar ‘n "doel" in ons lewe is, dat enigiemand se lewe "betekenis" het, en selfs die idee dat ‘n mense se lewe “waarde” het, ook ophou bestaan. As daar geen God is nie, dan het die

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

lewe geen doel en geen betekenis behalwe om vir 'n kort tydjie te bestaan voordat ons heeltemal verdwyn nie. Geen mens se lewe het in so 'n geval enige waarde nie.

Maar as God wel bestaan, dan moet ons die doel van ons lewe by Hom vind. Dan is ons daarvoor verantwoordelik om enige morele wette en waardes wat Hy gee, te volg. Sommige mense verwerp God se bestaan bloot omdat hulle nie wil verander hoe hulle leef nie; hulle wil hulle nie aan 'n hoër mag onderwerp vir rigting en aanspreeklikheid nie. Hulle wil hul eie ding doen.

In Oktober 2008 het 'n veldtog deur die hele Londen, Engeland, hierdie boodskap aan die kante van stadsbusse vertoon: "Daar is waarskynlik geen God nie. Hou nou op om bekommerd te wees en geniet jou lewe." Hierdie gedagte het ernstige gevolge - dit suggereer dat individue vry is om hul eie waardes en opinies van wat reg en wat verkeerd is te bepaal. Dit sal tot wanorde en vernietiging in die samelewing en selfs skade aan ander lei.

"'n Man wat nie in God wil glo nie, sal in enigiets glo." – G.K. Chesterton

Shayne Holesgrove
admin@gracelife.co

Vrae om oor na te dink:

1. Wat het vir jou uitgestaan in hierdie les?
2. Wat is die implikasies daarvan om nie in die bestaan van God te glo nie?
3. Wat is die implikasies daarvan om in God se bestaan te glo?
4. As jy 'n gelowige is, hoe het jou geloof in God se bestaan jou lewe verander?